ToekomsVonk
Vonk Jou Toekoms
NPC Reg Nr: 2017/408421/08

AANSOEK VIR FINANSIËLE BYSTAND VIR LAERSKOOL SKOOLFONDS VAN DIE

ToekomsVonk Romy-Lee Hofmeyr Beurs

Die ToekomsVonk Romy-Lee Hofmeyr Beurs is gestig om Laerskoolkinders, wat dit andersins nie kan bekostig nie, te help om skoolgeld te betaal. Skoliere aan enige Laerskool in SA kan aansoek doen. Hierdie is slegs 'n hulpfonds en nie 'n volle skoolfondsbeurs nie. Hierdie beurs/ hulpfonds sal slegs toegeken word aan skoliere, indien daar ***geen ander eksterne beurse*** toegeken is nie. Beursgeld sal direk aan 'n Laerskool betaal word en nie aan die beurshouer nie. Aanpassings aan die beurs kan gemaak word, afhangende die bedrag van die beurs, sowel as die prestasie van die beurshouer.

Prestasie op:

- akademiese,
- kulturele,
- sport gebied,
- en leierseienskappe sal in aanmerking geneem word

Beurse word vir slegs een jaar toegeken.

VEREISTES

Aansoeke word hiermee ingewag vanaf ouers van Laerskoolkinders om finansiële hulp van die ToekomsVonk Romy-Lee Hofmeyr Beurs te ontvang.

Maak asb. seker dat die volgende dokumente jou aansoek vergesel:

1. Die aansoekvorm, ten volle ingevul, ingesluit 'n volledige motivering
2. Gesertifiseerde afskrifte van die identiteitsdokument van die ouer/ voog
3. 'n Gesertifiseerde afskrif van die registrasiedokument uitgereik deur Laerskool wat skoolfonds bedrag vir die jaar aandui.
4. 'n CV van nie meer as twee bladsye (afskrifte van prestasies kan hier aangeheg word)
5. Bewys van woonadres

1. ‘n Bewys van vorige graad se uitslae.
2. Bewys van ouer(s)/voog(de) se gesamentlike inkomste van R20 000,00 of minder en/of ‘n bewys van eie inkomste per maand.

VOORWAARDES EN TERME

Aansoekers moet aan die volgende vereistes voldoen om aansoek te doen:

- Kandidate met Afrikaans as moedertaal sal voorkeur kry
- Daar sal van suksesvolle skoliere verwag word om in samewerking met ToekomsVonk een gemeenskaps projek te voltooi, volgens kontraktuele ooreenkoms.
- Finansiële behoeftigheid. Bewyse van salarisse/huishoudelike inkomste is ‘n vereiste. (Gesamentlike bruto **jaarlikse** huishoudelike inkomste moet minder wees as R240 000).
- Ouers/ Voogde moet die voorgeskrewe aansoekvorm volledig voltooi.
- Ouers/ Voogde moet al die vereiste dokumente saam met die aansoekvorm terugstuur.
- ToekomsVonk betalende ondersteuners en hulle kinders sal voorkeur kry.
- Ouers/ Voogde moet enige ander inligting verskaf wat die Direkteure wettiglik mag aanvra.
- Beurse word direk aan die skool betaal waar die skolier ingeskryf is.
- Geen kontant sal aan enige beurshouer betaal word nie.

Die Direkteure van ToekomsVonk het die volle en finale besluitnemingsreg oor die omvang en frekwensie van finansiële steun in enige kategorie.